**CV: WILHELM BERNHARDT**

Wilhelm Bernhardt is man met 'n passie vir navorsing, analise, geskiedenis in die algemeen en familiegeskiedenis in die besonder. Sy stamvader in Suid-Afrika, wie se naam hy steeds dra, was 'n Duitse huusoldaat, wat in 1857 die oorlog in die Krim Skiereiland net-net misgeloop het, en toe deur die Britse regering na die Kaap gestuur is om die Oos Grens te bewaak. Hierdie taak het hy vir ongeveer 3 maande vervul, voordat hy sy goedjies gepak en uit die Leër gedros het. Die res, soos hulle sê, is geskiedenis.

Hierdie Duitse huursoldaat se nasaat, Wilhelm Bernhardt, wat vandag hier voor U staan, is gebore in die destydse Oos-Transvaal, op die dorpie Belfast, in die jaar 1970. Hy het hoofsaaklik grootgeword op die nabygeleë Machadodorp en Waterval Boven, waar beide sy ouers in die onderwys gestaan het. Sy uitgebreide familie aan moederskant - waaronder veral die Venters - was van die eerste en oudste inwoners van hierdie distrik. Dit is daarom te verstane dat die spreker aanvanklik meer van boerdery as skoolwerk geweet het, en self nog tot redelik onlangs as 'n stokperdjie met beeste op die ou familieplaas Rietfontein probeer boer het.

Uit boerdery kan geen mens egter 'n bestaan maak nie, en die jonge Wilhelm is dus in 1988 na die Universiteit van Pretoria gestuur, waar hy in 1990 'n graad in Politieke Wetenskappe ontvang het. Hierna het ook gevolg 'n Honneursgraad in Staatsleer in 1991, waarna Wilhelm in 1992 ingesluk is deur die wêreld van spioene, intelligensie en nasionale veiligheid, toe hy begin werk het by die destydse Nasionale Intelligensie Diens. Mettertyd het hy daarin geslaag om 'n Meestergraad te verwerf aan die Universiteit van Stellenbosch, en uiteindelik in 2004 ook 'n Doktoraal (steeds in Politieke Wetenskap). Tans is Dr Bernhardt steeds 'n lid van die Staats Veiligheids Agentskap, waar hy spesialiseer in risiko bestuur en scenario ontwikkeling, soos gesien vanuit 'n nasionale veiligheids oogpunt".

Willie is in die jaar 2000 getroud met Isabel Nel, dogter van Gert Nel en Cora Jordaan, en het twee dogters, Corli en Anica, wat tot sy ewige dankbaarheid meer van hulle ma se goeie genetiese materiaal as hulle pa se dikwels twyfelagtige afkoms geërf het.

In sy vrye tyd probeer Dr Bernhardt ou karre restoureer; ry hy met sy motorfiets; versamel boeke oor die Groot Trek; en skryf hy so nou en dan iets oor sy familie se geskiedenis. Hy is na die beste van sy wete die enigste persoon in Pretoria wat sy Oupagrootjie se kapkar op sy stoep uitstal, en wat die ou Psalms en Gesange boek opreg mis. Hy doen tans navorsing oor 'n vraag wat hom lankal fassineer, nl. "*waarom het Dingane vir Piet Retief vermoor?"*, en beoog om DV voordat hy te oud raak 'n boek hieroor te publiseer.